

22 Desember

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 15:50-58
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 15:58

Vlees en bloed kan nie die koninkryk van God ingaan nie

In die voorafgaande verse (35-49) het Paulus breedvoerig uitgewy dat dit noodsaaklik is dat die vleeslike liggaam moet vergaan sodat 'n nuwe liggaam daaruit kan voortkom. Nou wil Paulus 'n verdere geheimenis met die gelowiges, dit sluit ons in, deel.

Vlees en bloed (OV) kan nie die koninkryk van God ingaan nie. Die verganklike (vlees en bloed) dui die mens aan in sy natuurlike liggaam, gebonde aan die stof van die aarde (Gen. 2:7). Hierdie verganklike liggaam kan nie deel wees van die onverganklike, die hemelse koninkryk van God nie. Ook by dié wat nog lewe by die wederkoms, sal die stoflike liggaam verander in 'n geestelike liggaam. Paulus beklemtoon ook die feit dat nie almal sal sterwe nie, maar diegene wat nog op aarde sal lewe, sal wel ook in 'n oogwink verander. Dit sal gebeur die oomblik wanneer die laaste trompet geblaas word.

Hierdie verandering van liggaam is noodsaaklik met die oog op die inwoning in die hemel. Die mens moet 'n liggaam ontvang wat vir die lewe in ewigheid gepas is. Dieselfde oomblik wanneer die gelowiges die onverganklike liggaam ontvang, sal God die dood finaal vernietig (Jes. 25:8).

God se wet is gegee sodat elkeen wat die wet onderhou, sal lewe. Dit is egter onmoontlik, aangesien ons in sonde ontvang en gebore is. Die wet kla ons dus aan. Ons moet sterwe. Christus behaal egter die oorwinning oor die dood. Hy vervul in ons plek die wet, sodat ons as uitverkore kinders van God kan deel in die ewige lewe.

In dankbaarheid moet elke gelowige dan energiek besig bly met die dinge van die Here. Paulus vermaan elkeen om standvastig te wees. Dit beteken om nie met elke onrustigheid te twyfel nie. Wees onbeweeglik op die pad wat God in sy Woord aandui. As een wat verseker is van 'n onverganklike liggaam, kan en wil jy altyd in diens en tot eer van God jou Vader werk. Want jy weet, jou werke is nie tevergeefs nie.

Sing: Psalm 86:2, 6

Dr. FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)